

1 Oktober - SABBAT

Skrif- en Fokusgedeelte: Eksodus 20: 8-11

In elke gemeente wat ek nog bedien het, was daar kelners of sjefs. Ander lidmate het in winkels of supermarkte gewerk. Hulle was selde by die erediens, want Sondae was hulle groot werksdag. Nie noodsaaklike werk, soos verpleging of polisie diens, ensovoorts nie. Hulle moet werk sodat ek en jy op 'n Sondag kan uiteet of inkopies doen. As mense anders beplan het, sou hulle ook 'n rusdag kon geniet.

Nadat God die aarde geskep het, het Hy op die sewende dag gerus. Later het Hy beveel ons moet ook ses dae werk en die sewende dag rus.

Die woord *sabbat* beteken rus. 'n Rusdag is aan ons gegee sodat ons kan loskom van elke dag se sleur en bekommernis. Ek en my werksmense moet saam ons gedagtes kan rig op ons ewige bestemming. Ons moet kans hê om die Woord te hoor en te oordink.

In die Nuwe Testament kry hierdie byeenkoms van gelowiges 'n belangrike dimensie by. Die vroeë Christene het hulle rusdag van die sewende na die eerste wekedag verskuif. Hulle kon dan die Here dank en loof, omdat Jesus op dié dag opgestaan het. So het Hy ons van die slawerny van die sonde en dood kom vrymaak. Christus verlos ons uit die nimmer-eindigende knegskap aan die duiwel.

Ons samelewing is ingewikkeld. Nie alle werk kan op Sondag staak nie. Jesus het mense op die sabbatdag genees, en verwys ook na diere wat op dié dag uit 'n sloot gehaal moet word. Sonder hospitaalsorg, misdaadbekamping of Eskom se kragentrales wat loop, sou ons maar donker rusdae beleef het.

Daar is egter nie-noodsaaklike dinge wat ons op dié dag doen. Vir inkopies, uiteet of georganiseerde sport en baie ander dinge op die dag moet ons *nee sê*. Dit sal soveel meer werkers vry laat om op dié dag te dink aan hulle verlossing en ewige bestemming.

Sing: Skrifberyming 9-1:6

Ds KAJ van Rensburg (Paarl)